### *Waarom die mens gebore moet word*

**165** Almal gaan nou die berghutte in en gebruik die maaltyd en daar is nie een wat nie opgewek en vrolik is nie.

[2] Na die maaltyd sê Kisjonah dat hy nou, as Ek dit daarmee eens was, vir die aand nog `n paar spesiale plekke op sy berg wil besoek om sy herders hulle loon te gee en by die geleentheid wil hy ook kyk hoe dit met sy kudde skape gaan en hoeveel wol die herders al versamel het.

[3] **Ek, (JaHshua)** sê: "Weet jy, môre is die dag vóór die sabbat en dit sou Ek nog op hierdie berge wil deurbring, maar omdat ons vandag nogal lank aan tafel gebly het en die dag nog maar `n paar uur sal duur, laat ons eerder genoeglik hier bymekaar bly en `n aantal belangrike onderwerpe bespreek en dan is daar nog heelwat vir julle om te ervaar; daarom sou Ek nou liewer hier bymekaar wil bly!"

[4] **Kisjonah** sê: "Meester, elke wens van U hart is `n gewyde gebod vir my! Maar dan kom ek dadelik al met `n vraag betreffende die drie manne wat `n paar dae gelede hier so buitengewoon stralend uit die ooste na ons toe gekom het en wat meer in die lug gesweef het as wat hulle die berggras met hulle voete geroer het. Hierdie drie manne is nou voortdurend in ons geselskap, praat met ons, eet en drink met ons, sien baie aangenaam en gedienstig daar uit en lyk dan nou, behalwe dat hulle gestalte veel edeler is as die van ons, presies net soos ons.

[5] Ek het die indruk gekry dat hulle voortdurend by ons sal bly, - wat my besonder baie genoegdoening sou gee. Toe ek hulle netnou omarm en kus, voel ek dat hulle `n stewige, kragtige liggaam en bene het en daaroor was ek hoogs verbaas!

[6] Ek wil daarom aan U vra om aan my uit te lê hoe so iets moontlik is. Eers was hulle suiwer geeste en nou is hulle net sulke mense van vlees en bloed soos ons; waar kom hulle liggame vandaan? En as hulle die liggaam, wat daar veel volmaakter uitsien as die van ons, van die een tot die ander oomblik gekry het, sou dit dan nie by alle mense so gedoen kon word in plaas van om moeisaam gebore te moet word nie?"

[7] **Ek** sê: "Laat Ek dit vooraf stel dat jy hierdie drie engele nie sou kon sien en liggaamlik gevoel het **as Ek jou nie tydelik so ingestel het nie,** sodat jou siel nou met haar gees verenig deur hulle liggaam heen **al die geestelike so kan sien en waarneem** asof dit natuurlik en daardeur liggaamlik is; maar dit is en bly tog heeltemal geestelik en daar is niks liggaamliks by nie.

[8] Die groot verskil tussen elke mens en elke gees lê daarin dat `n gees soos hierdie drie engele nou hier, vanaf die oerbegin uit vrye wil wyse gebruik gemaak het van hulle vryheid binne My ordening en in ewigheid nooit daarteen gesondig het nie. `n Groot deel van die vir jou begrip tallose baie geeste het die vryheid van hulle wil egter misbruik en is daarom, ofskoon hulle gewaarsku was, in die oordeel gedompel; en uit sulke geeste, **waaruit eintlik hierdie hele aarde en al die tallose ander wêrelde, soos son, maan en sterre bestaan**, kom volgens `n onveranderlike wet wat aan die hele natuur opgelê is, sowel die natuurlike mense van hierdie aarde asook die mense van al die ander wêrelde voort, en wel op die bekende manier van die geboorte met die verwekking wat dit voorafgaan. So moet hulle dus deur **opvoeding en onderrig** mense word en na die aflegging van hulle liggame tot suiwer en volledig vry geeste ontwikkel word.

[9] As die liggaam van die mens dus veral aan `n uit die oordeel verhefde gees gegee word, sodat hy daarin, asof in `n geheel eie wêreld `n nuwe vryheidsproef moet ondergaan, is dit wel duidelik dat die reeds volmaakte geeste die vleeslike liggaam heeltemal nie meer nodig het nie, **omdat die vlees slegs `n middel, maar in ewigheid nooit `n doel het en kan hê nie,** omdat uiteindelik alles tog weer suiwer geestelik en nooit meer stoflik moet word nie.

[10] Ek sê vir jou: hierdie aarde en eintlik hierdie hele liggaamlike hemele, met sonne, mane en al die wêrelde sal nooit vergaan, alvorens **al die geeste** wat deur die oordeel daarin vasgehou word via die weg van die vlees, **suiwer geeste geword het nie**; maar die suiwer geeste bly vir altyd en sal en kan, net soos Ek en My woord in ewigheid nie ophou om te bestaan nie. - Sê vir my of jy dit goed begryp het!"

### *Oor die skepping van Adam van Eva*

**166** **Kisjonah** sê: "O Elohim, o Elohim, hoe groot is hierdie Wysheid! Wie het ooit so iets gehoor? Ja werklik, slegs Elohim kan so `n uitleg gee; by Hom is die wysheid van alle wyses van die aarde minder as niks! Nee, dit is dan tog wel te veel op één keer vir `n sterflike, arme sondaar soos wat ek `n groot een is!

[2] Deur hierdie onthulling begryp ek so te sê met `n towerslag die hele Génesis deur en deur!

[3] Nou begryp ek wat dit beteken: Elohim skep Adam as die eerste mens van hierdie aarde uit klei. In Sy ewige orde het Elohim dus gewil dat die geeste wat in die aarde in die oordeel gevange was, hulle uit die maklik vormbare klei van hulle

gevangehoudende aarde, **`n liggaam sou vorm, geheel in ooreenstemming met die geestelike vorm**. Daarin sou hulle met baie vryheid kon beweeg, hulleself en daaruit vir Elohim weer leer ken en hulle so vrylik aan die goddelike ordening kan onderwerp om daardeur weer hulle oergeestelike natuur te verkry, naamlik om in geheel ewigdurende geeste te word - net soos hierdie aartsengele!

[4] Ja, ja, nou word dit vir my opeens alles duidelik! - Daar staan: "Die vrou word uit die rib van Adam geskape"; hoe begryplik is dit nou! - Soos dienooreenkomstig die berge verseker die hardste en dus ook die meer hardnekkige deel van die aarde is en as sodanig ook die meer hardnekkige geeste bevat, so bevind hulle dienooreenkomstig ook die halsstarrigste deel van die eerste en ook van alle latere manne in die beendere van die man, wat volledig te vergelyk is met die berge van die aarde.

[5] Hoe meer hardnekkig die gees, hoe meer van die sensuele, trotse en hoogmoedige van die man word deur Elohim se Wysheid en Mag van die man geskei en in `n op die man gelykende vroulike vorm gebring, wat, as dit van die man afstam, as lewende wese met hom ooreenkom. Daardeur en deur die geslagsdaad is sy in staat om `n lewende vrug in haar te verwek volgens die almagtige wil van Elohim. Omdat sy, as synde die meer hardnekkige geestelike deel van die man, `n groter lyding opgelê is, kan sy haar gees net so vervolmaak as wat die man sy minder harde gees kan, - **sodat man en vrou ten slotte één word, soos wat in die Skrif staan**.

[6] Want die uitdrukking dat man en vrou dan één liggaam het, beteken immers niks anders nie as: Hoewel die wese van die vrou die meer hardnekkige deel van die man is, word sy deur die, na verhouding sterker beproewing, ten slotte volledig gelyk aan die sagtere deel van die gees van die man, en dit is wat dit beteken as daar staan, dat man en vrou één liggaam het. - O Meester, wat sê U hiervan? Het ek dit minstens by benadering goed begryp of nie?"

[7] **Ek** sê: "Heeltemal korrek! So is dit, en so sou die Skrif ook in die ware sin gelees en begryp moet word, dan sou daar met alle mense goed gespreek en uit die hemele vir hulle verlossing iets gedoen kon word. Maar die mense, en wel eerstens die vroue, is, deur hulle vrye wil vir die tweede maal te misbruik, **in totale wellustigheid versonke**. Sy begin dan om haar oorspronklike, van Satana* oorgeërfde mooi liggaam, soveel moontlik op te poets en as sy ongenaakbaar, trots en onwillig geword het deur haar selfsug, dwing sy daarmee die sagter soort man om in haar val in te loop en hy moet, om van die vrou die jawoord te kry, heel bereidwillig en heeltemal onderdanig, na haar heerssugtige pype begin dans, en uiteindelik vind hy dit selfs besonder aangenaam om totaal verstrik te raak in die egte satanslis van die vrou. (*Satana, ook in die Boekrol 'Henog' beskryf)

[8] Maar daardeur val hy dan ook uit alle moontlike ontkiemende hemele in homself **en hy word daardeur somber, wellustig, selfsugtig, ydel en heerssugtig en word so saam met die vrou suiwer duiwels!**

[9] Die man word wel so nou en dan versigtig deur sy gees gemaan, deur die opwekking van liefde vir die lewe, om die Skrif te lees en aandag te gee aan Elohim se groot werke! Dit doen baie ook nadat hulle hulleself eerstens min of meer uit die nette van die vrouens bevry het. Maar dit help bepaald nie veel nie, want hulle begryp die Skrif nie meer nie en omdat hulleself materieel vroulik geword het, neem hulle sonder meer die materiële betekenis van die letter vir waar aan **en maak so die woord van Elohim tot `n gruwel en die tempel van Elohim tot `n ware moordkuil!**

[10] Ek sê aan jou en aan julle almal: so ver as wat dit nou gekom het, sou alle mense totaal verlore gewees het as Ek, die Meester Self, nie in die wêreld ingekom het om julle te verlos van die juk van die satan en die ewige verderf nie; en Ek Self sal die uiterste moet doen om aanvanklik slegs die kleinste deel van die mense op te hef in die ware hemelse Lig."